Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Jabbaar

Onkeerbare Hersteller en Aanvuller

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Hersteller van die gebroke is, die Aanvuller van die wat tekortkom, en die Een wat Sy Wil kan afdwing sonder enige teenstand.

Enkele Versverwysing:

Koran 59:23 “Hy is Allah, naas Wie daar geen god is nie, die Skepper-Eienaar-Regter, die Heilige Volmaakte, die Vredegewer, die Beveiliger, die Beskermer, die Almagtige, die Onkeerbare Hersteller en Aanvuller, die Alomglorieryke.”